



NORTH-WEST UNIVERSITY[®]
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
INSTITUSIONELE KANTOOR

Beleid oor Studente met Gestremdhede

Verwysingsnommer	7P/7.3.4
Verantwoordelike uitvoerende bestuurder	Uivoerende Direkteur: Mensontwikkeling
Beleideienaar	Direkteur: Mensontwikkeling
Verantwoordelike afdeling	Mensontwikkeling
Status	Goedgekeur
Goedgekeur deur die	Raad
Datum van goedkeuring	15 Junie 2012
Wysigings	
Datum van wysigings	
Hersieningsdatum	2014
Prosedures ingevolge hierdie beleid	Geen
Webadres van hierdie beleid	http://www.nwu.ac.za/af/content/beleide-en-reels
Adres van die beleid	RMA SHARE /NWU Home/User Homes/AMANDA VAN DER MERWE (10935746)/RMA/2. Management/2.1.3 Policy development and review/2.1.3.2 Review/Policy documents/7P-7.3.4-student disabilities_a



Beleid oor Studente met Gestremdhede

1 Aanhef

As 'n toonaangewende universiteit in Afrika, gedryf deur die strewe na kennis en innovasie, met 'n unieke institusionele kultuur gegrond op die waardes wat die Universiteit voorstaan, het die Noordwes-Universiteit hierdie beleid oor studente met gestremdhede op 15 Junie 2012 aanvaar.

In ooreenstemming met die gees en die inhoud van die Grondwet, het die Noordwes-Universiteit dit ten doel om studente met gestremdhede in staat te stel om 'n kultuur van leer en volledige integrasie in die Universiteit te verkry, sodat hulle hul potensiaal kan ontwikkel en uitbrei, en as gelyke lede van die gemeenskap kan deelneem.

In ooreenstemming met wetgewing en sy eie etos, erken die Universiteit die belangrikheid van en is verbind tot die diversifisering van sy studentebevolking. Die toelating van studente met gestremdhede word as 'n integrale deel van die diversifikasie beskou. Dit sal nie net waarde toevoeg tot die onderwysproses nie, maar dit sal ook die studentbevolking verryk.

2 Grondslag

As 'n instelling van hoër onderwys en leer aanvaar die Universiteit die beginsels en waardes soos vervat in die Grondwet van die RSA en toepaslike wette van die Parlement, witskrifte, beleide, kodes, riglyne en internasionale beste praktyk.

Die Universiteit maak dus sy voorneme rakende die volgende spesifieke beginsels bekend waar dit enigsins haalbaar is:

- 2.1 Studente met gestremdhede het die reg tot gelyke onderwys.
- 2.2 Studente met gestremdhede het die reg om met respek en waardigheid behandel te word.
- 2.3 Die Universiteit sal studente met gestremdhede die geleentheid gee om ten volle op 'n inklusiewe wyse binne die Universiteit deel te neem.
- 2.4 Die Universiteit sal 'n bemagtigende universiteitsomgewing vir studente met gestremdhede bied ten opsigte van alle vlakke van akademiese en kampuslewe, insluitend maar nie beperk nie tot akademiese onderrig, fisiese toegang, werwing, keuring, berading, assessering, toelating, behuising, oriëntering, registrasie, sport en ontspanning, voorbereiding vir indiensneming, gesondheidsorg, ens.
- 2.5 Die Universiteit sal, waar dit redelik moontlik is en sonder diskriminasie, dit ten doel hê om strategies aan die behoeftes van studente met gestremdhede te voldoen in samewerking met ander tersiêre en ander betrokke instansies.
- 2.6 Hierdie beleid is onderhewig aan die wette en die besluite van die Raad van die Universiteit en berus op die beskikbaarheid van hulpbronne in die konteks van al die huidige en toekomstige prioriteite en verpligtinge van die Universiteit.
- 2.7 Die Universiteit erken dat mense met gestremdhede die beste geplaas is om hulle gestremdheid en vermoëns te verstaan, daarom deel studente met gestremdhede wat redelike dienste of hulp met hul studies verlang die verantwoordelikheid vir die identifisering van geskikte oplossings vir probleme wat hulle in die universiteitsomgewing ondervind.

3 Begripsomskrywing

Die Universiteit vereenselwig homself met die standpunt ingeneem deur die Gestremde Mense van Suid-Afrika (DPSA) wat bepaal dat dit hoofsaaklik die samelewing is wat mense gestrem maak. Gevolglik word die Universiteit se omskrywing van gestremdheid belyn met die een in die Kode van Goeie Praktyk wat fokus op die uitwerking van 'n gestremdheid op (in die Universiteit se konteks) die student met betrekking tot die studieomgewing, en nie op die diagnose van die gestremdheid nie.

In die lig van bogenoemde, word mense met (1) langtermyn- of terugkerende (2) fisiese of geestelike gestremdheid (-hede) wat (3) vermoë aansienlik beperk en (4) wat aan al hierdie kriteria voldoen, as persone met gestremdhede omskryf.

3.1 Langtermyn of terugkerend

Langtermyn verwys na 'n verswakking wat vir ten minste twaalf maande geduur het of waarskynlik vir ten minste twaalf maande sal voortduur. 'n Korttermyn- of tydelike siekte of besering is ingevolge hierdie omskrywing nie 'n verswakking wat aanleiding gee tot 'n gestremdheid nie.

'n **Terugkerende** verswakking is die iets wat waarskynlik van tyd tot tyd voorkom. Dit sluit konstante onderliggende toestande in, selfs as die uitwerkings daarvan op 'n persoon wissel.

Progressiewe toestande is dié wat geneig is om te ontwikkel of te verander of terug te keer. Mense wat met progressiewe toestande of siektes leef word as mense met gestremdhede beskou as die verswakking begin om wesenlik inperkend te word. Progressiewe of terugkerende toestande wat geen ooglopende simptome het nie, of wat nie 'n persoon wesenlik inperk nie, is nie gestremdhede nie.

3.2 Gestremdheid

Die gestremdheid kan fisies en/of geestelik wees.

- **Fisiese gestremdheid** verwys na die gedeeltelike of totale verlies van 'n liggaamlike funksie of 'n deel van die liggaam. Dit sluit in, maar is nie beperk nie tot sensoriese verswakings, soos wisselende grade van die gehoor en visuele gestremdhede, lees- en/of skryfgestremdhede en/of enige ander kombinasie van fisiese gestremdhede.
- **Geestelike gestremdhede** verwys na klinies erkende toestande wat 'n persoon se denkprosesse, oordeel of emosies beïnvloed.

3.3 Wesenlike Inperking

'n Gestremdheid is wesenlik inperkend indien die persoon, in die afwesigheid van redelike akkommodasie deur die NWU, óf glad nie in staat sal wees om te studeer of 'n loopbaan te volg nie óf beduidend ingeperk sal wees in sy/haar studies of in die uitvoering van die beroep. 'n Beoordeling om vas te stel of die gevolge van 'n gestremdheid wesenlik inperkend is, moet in ag neem of mediese behandeling of ander toestelle die gestremdheid sal beheer of korrigeer, sodat die nadelige gevolge daarvan verminder, voorkom of verwyder kan word.

3.4 Diskriminasie

Diskriminasie verwys na 'n ongelyke behandeling van studente met gestremdhede en kan direk of indirek voorkom. Dit is 'n direkte diskriminasie vir 'n universiteitbeampte om mense/studente minder gunstig te behandel as gevolg van hul gestremdheid. Dit is 'n indirekte diskriminasie wanneer 'n praktyk (in die NWU) voorkom om almal gelyk te behandel, maar met die gevolg dat so 'n praktyk mense met 'n gestremdheid benadeel of uitsluit.

4 Riglyne en Prosedures

Terwyl die Universiteit aanvaar dat een akademiese standaard vir alle studente sal geld, sal die Universiteit daarna streef om voorsiening te maak vir buigsaamheid ten opsigte van toegang tot studiemateriaal, die uitvoering van akademiese take en studente-assessering.

Voorts, in die toepassing van die wette, universiteitsreëls, en die Universiteit se raadsbesluite, sal die behoeftes van studente met gestremdhede erken word en waar moontlik aan voldoen word.

Ter erkenning van die beginsels wat in hierdie dokument aangeneem is, is die Universiteit van voorneme om homself te verbind tot die volgende, binne die beperkings en voorwaardes wat uiteengesit is:

4.1 Werwing

Die Universiteit is van voorneme is om homself te verbind om te verseker dat sy werwingstrategie die uitreik na studente met gestremdhede in beide die inrigtings wat voorsiening maak vir leerders met spesiale behoeftes en die hoofstroominstellings insluit. Sodanige aktiwiteite sal beperk word deur die bekostigbaarheid van ondersteuning verbandhoudend met bepaalde kategorie van gestremdheid en die Instelling se vermoë om sodanige studente in te sluit.

4.2 Toelatings

Dit is die uitgesproke voorneme van die Universiteit om studente met gestremdhede te verwelkom en om hulle toe te laat deur die kriteria te gebruik wat vir alle studente gebruik word, soos akademiese vermoë en geskiktheid vir die kursus/graad. In die geval waar 'n student met gestremdhede toegelaat word, sal alles moontlik gedoen word om te verseker dat die toelating van sodanige studente so vroeg as moontlik bevestig word sodat behoorlike reëlings getref kan word om te verseker dat hulle toepaslike ondersteuning gedurende hulle studiejare het.

4.3 Oriëntering

In die geval van 'n gestremde student wat ooreenkomstig die sentimente in hierdie beleid toegelaat word, en die erkenning van die behoefte vir gespesialiseerde oriëntering, sal die Ondersteuningsbeampte vir Gestremde Studente (OBGS) 'n toepaslike en tydige program reël wat voorsiening maak vir die behoeftes van studente met gestremdhede en hul families. So 'n program sal bykomend tot die algemene oriënteringsprogram vir alle nuwe studente wees.

4.4 Onderrig en Eksamens

In die geval van 'n gestremde student wat ooreenkomstig die sentimente in hierdie beleid toegelaat word, sal fasiliteite wat geskik is vir die behoeftes van studente met gestremdhede beskikbaar gestel word vir onderrig- en eksamendoeleindes.

4.5 Finansiële Bystand

Studente met gestremdhede kan aansoek doen vir finansiële steun deur die Finansiëlehulpkantoor.

4.6 Behuising

In die geval van 'n gestremde student wat ooreenkomstig die sentimente in hierdie beleid toegelaat word en die behoeftes van studente met gestremdhede opgemerk word, binne die huidige en toekomstige finansiële beperkings, sal daar voorsiening gemaak word vir behuising wat geskik is vir die behoeftes van studente met gestremdhede.

4.7 Sport en Ontspanning

In ooreenstemming met die doel van holistiese ontwikkeling van alle studente sal die Universiteit saam met ander tersiêre instellings werk om aan die sport-en ontspanningsgeriewebehoeftes van studente met gestremdhede te voldoen.

4.8 Biblioteekdienste

In die geval van 'n gestremde student wat ooreenkomstig die sentimente in hierdie beleid toegelaat word en inagnome van sentraliteit van doeltreffende toegang tot inligting met die doel om te leer, sal die Universiteit gepaste biblioteekbronne verskaf wat media gebruik wat geskik is vir die behoeftes van studente met gestremdhede, waar dit wetlik en finansiël haalbaar is.

4.9 Vestiging van Vennootskappe

Die OBGS sal daarna streef om interne en eksterne vennootskappe tot 'n sterk ondersteuningsnetwerk vir studente met gestremdhede te ontwikkel.

4.10 Navorsing en Beleidsontwikkeling

Die Universiteit sal navorsing en beleidsontwikkeling op die gebied van gestremdheid jeens ingeligte intervensies en volhoubare diensverskaffing aanmoedig.

5 Vertroulikheid en Openbaarmaking van Gestremdheid

5.1 Vertroulikheid

Al die normale reëls en beleide met betrekking tot vertroulikheid is van toepassing.

5.2 Openbaarmaking

Al die normale reëls en beleide met betrekking tot die bekendmaking is van toepassing met die verstandhouding dat die bekendmaking slegs met die uitdruklike skriftelike of ander vorm van toestemming van die student met 'n gestremdheid sal plaasvind en dan net in sy/haar belang.

Alhoewel 'n student nie verplig is om sy/haar gestremdheid tydens inskrywing/registrasie bekend te maak nie, is dit raadsaam dat sodanige student kies om dit te doen deur 'n redelike kennisgewing aan die Universiteit enige tyd ná registrasie te gee. Die Universiteit is nie verantwoordelik vir die maak van individuele aanpassings vir 'n student met 'n gestremdheid indien hy/sy verkies om nie sy/haar toestand bekend te maak nie.

6 Korporatiewe bestuur, bestuursrolle en toerekenbaarheid

- 6.1 Die Raad (deur die Komitee vir Mensehulpbronne) is verantwoordelik vir die bestaan en monitering van die implementering van hierdie Beleid oor Studente met Gestremdhede.
- 6.2 Institusionele Bestuur is verantwoordelik vir die implementering van hierdie beleid ten opsigte van die nodige prosesse, stelsels en prosedures.
- 6.3 Lynbestuurders moet toesien dat daar by die beleid, sowel as die prosesse en prosedures, gehou word.
- 6.4 Die Departement vir Mensekapitaal-ontwikkelingstrategie is belas met die verantwoordelikheid om toesig te hou en die internskapprogram te bestuur. Hierdie Departement sal nou saamwerk met alle rolspelers om effektiewe en doeltreffende bestuur van die program, sowel as nakoming van basiese beginsels met die inname van interns te verseker.

Oorspronklike besonderhede: Helen Mogorosi (16109007) \7P-7.3.4_students disabilities_a.docm
16 Julie 2012

Lêerverwysing: 7P-7.3.4_student disabilities_a